



Verwysing: 20200218-4595  
Lêerno.: 4/2/P  
Navrae: HC Burger

Finansiële Rekeningkundeminuut: 0001/2020

Aan: Superintendent-generaal, Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), en Hoofde van alle subdirektorate en afdelings, en finansiespersoneel

**Onderwerp: In-jaar monitering van fakture wat nie binne 30 dae na ontvangs vereffen word nie**

1. Die doel van hierdie minuut is om riglyne en prosedures te verskaf oor die kritieke aspekte en stappe wat deur al die betrokke rolspelers regdeur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) gedoen moet word om binne 10 dae na maandeinde aan die Provinsiale Tesourie verslag te doen oor fakture wat nie binne 30 kalenderdae na die ontvangsdatum vereffen is nie.
2. **Wetsraamwerk**
  - 2.1 Hierdie minuut word uitgereik ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA), 1999 (Wet 1 van 1999), en moet saamgelees word met:
    - 2.2 Regulasies 8.1 en 8.2 van die Nasionale Tesourieregulasies (NTR), uitgereik op 15 Maart 2005, ingevolge artikel 76 van die PFMA;
    - 2.3 Nasionale Tesourie-omsendbrief, gedateer 26 Maart 2018, oor die tydige betaling van fakture en eise;
    - 2.4 Hoofstuk 8.1 van die Provinsiale Tesourie-instruksies (WKPTI), soos uitgereik op 02 November 2009, ingevolge artikel 18(2)(a) van die PFMA; sowel as
    - 2.5 Provinsiale Tesourie-omsendbrief 0035/2014, gedateer 27 Augustus 2014, met betrekking tot finansiële verslaggewing oor laat betalings, onbetaalde fakture en verslagdoening oor olopings en betaalbare bedrae.

### 3. **Agtergrond**

- 3.1 Finansiële Rekeningkundeminuut 0004/2012, gedateer 06 September 2012, word hiermee herroep en in geheel vervang as gevolg van nuwe finansiële verslagdoeningsvereistes.
- 3.2 Provinsiale Tesourie-omsendbrief 0035/2014, gedateer 27 Augustus 2014, vereis dat departemente **maandeliks** verslag sal doen oor fakture wat betaal is ná 30 dae van ontvangs en fakture wat nie betaal is nie.

### 4. **Bylaes**

- 4.1 Die volgende bylaes gee leiding oor betalings, die voltooiing van invoervorms en ondersteunende dokumente:
  - 4.1.1 **Bylae A:** *Register of late payments*
  - 4.1.2 **Bylae B:** *Register of unpaid invoices*
  - 4.1.3 **Bylae C:** *Common errors made*

### 5. **Afgevaardigde beamptes is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat BRS-magtigers aan die vereistes wat in hierdie minuut uiteengesit word, voldoen.**

### 6. **Fakture wat ná 30 dae van ontvangs vereffen word**

- 6.1 Beamptes word hiermee aan Regulasie 8.2.3 van die NTR, 2005, herinner. Hierdie regulasie noem dat "*Unless determined otherwise in a contract or other agreement, all payments due to creditors must be settled within 30 days from receipt of an invoice or, in case of civil claims, from the date of settlement or court judgement.*"
- 6.2 Indien 'n betaling wat aan 'n krediteur verskuldig is ná 30 dae van ontvangs van die finale faktuur gemaak word, moet die rede vir die vertraging van die betaling op die aangehegte *Register of late payments* (sien **Bylae A**) aangedui word.
- 6.3 Alle toepaslike datums (bv. "source document date", "source document receipt date") moet korrek op die finansiële stelsel vasgelê word. Hierdie datums is van kritieke belang om vas te stel hoe oud die dokumente is, omdat hierdie datums in die outomatiese stelsel se verslag (bv. KITSO) gebruik word om te bepaal of 'n faktuur binne die vasgestelde tydperk van 30 dae vereffen is al dan nie, deur die faktuur se ontvangsdatum en die datum wat die vereffening in die verskaffer se bankrekening reflekteer (aksiedatum), te evalueer. Magtigings se afsluitingsdatums vir spesifieke betaalopies en aksiedatums kan van die BRS se stelselkontroleur in die datumdokument van die handbetaaluitreikings (MPR) verkry word. Die datum moet op die dag van ontvangs op faktures gestempel word vir dieselfde doeleindes. Dit is belangrik om kennis te neem dat wanneer 'n faktuur wat ontvang is, terugverwys word na 'n krediteur vir korreksie, die nuwe ontvangsdatum van die gekorrigeerde

faktuur onder "source document receipt date" vasgelê moet word en nie die datum toe die oorspronklike faktuur ontvang is nie. As die voorgenoemde instruksie nie uitgevoer word nie, sal die betaling as 'n "laat betaling" aangeteken word en remediërende optrede en aksieplanne sal van die verantwoordelike beampte(s) gevra word.

6.4 Indien 'n nuwe betaling as plaasvervanger voorberei word, behoort die gekanselleerde bewysnommer daarop te verskyn – sodoende skep dit 'n verbintenis met die gekanselleerde bewys, die vervangingsbewys en die ondersteunende dokumentasie.

## 7. **Magtigingsdatum vs. betaallopiedatum**

### 7.1 **Magtigingsdatum**

Die magtigingsdatum verwys na die datum waarop die betaling op die betrokke stelsel (d.w.s. BRS/LOGIS) deur die betrokke beampte gemagtig is.

### 7.2 **Betaallopiedatum**

Die betaallopiedatum verwys na die geskeduleerde betaalluitreikingsdatums wat deur die Provinsiale Tesourie beheer en ingestel is en waarvolgens die stelsel outomaties betalings uitreik. LW: Onthou dat die betaling slegs drie werksdae ná die **betaallopiedatum** in die verskaffer se bankrekening (aksiedatum) weergegee sal word. Die MPR-datums word deur die BRS se stelselkontroleur gesirkuleer.

8. Die datum van 'n kontrak (bv. leerdervervoerooreenkoms) behoort nie gebruik te word as 'n brondokumentontvangsdatum in plaas van die faktuur se ontvangsdatum nie, omdat dit verkeerdelik aanleiding kan gee daartoe dat betalings as laat betalings gerapporteer kan word.

9. Kantore wat met fakture en/of betalings werk, moet 'n maandelikse register van geïdentifiseerde laat betalings met die ooreenstemmende redes hou, sowel as remediërende stappe om te verhoed dat dit weer gebeur. Alle laat betalings sowel as alle onbetaalde fakture wat ouer as 30 dae vanaf ontvangs van die faktuur is, moet aan die Direkoraat: Finansiële Rekeningkunde (DFR) se Bondelverwerkingsbeheereenheid gerapporteer word teen die **eerste werksdag ná elke maandeinde (Bylae A)**.

10. Onbetaalde fakture wat ouer as 30 dae is en betalings wat ná 30 dae van ontvangs van die faktuur vereffen word, sal in 'n ernstige lig beskou word en slegs geldige redes vir laat betalings sal in sulke gevalle aanvaar word. 'n Vertraging met die verwerking van die fakture sal rente op die rekening tot gevolg hê. Volgens artikel 1 van die PFMA, word rente beskou as vrugtelose en verkwistende uitgawes. Vertraging met betalings het ook 'n negatiewe invloed op die kontantvloei van diensverskaffers, en in 'n groter mate, op die kapasiteit van opkomende verskaffers

en klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) om goedere en dienste te lewer.

11. Ingevolge Nasionale Tesourie-omsendbrief, gedateer 26 Maart 2018, is beamptes wat verantwoordelik vir die laat of nie-betaling van verskaffers is, skuldig aan finansiële of gewone wanbestuur en die betrokke owerhede moet dissiplinêre stappe teen sodanige werknemers doen.
12. Dit is noodsaaklik dat die inhoud van hierdie minuut onder die aandag gebring moet word van alle amptenare wat met die voorbereiding, verwerking en magtiging van betalings en joernale op die finansiële stelsel werk. U samewerking word waardeer.

**GETEKEN:** LJ ELY

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**

**DATUM:** 2020-02-25

## COMMON ERRORS MADE

	COMMON ERRORS	CORRECTIVE MEASURES
1	<b>INVOICES:</b> Suppliers not paid timeously (late payments to suppliers result in penalties and interest being charged)	Suppliers must be paid within 30 days of receipt of their invoices ( <b>NTR 8.2.3</b> ). Invoices must be stamped with a date stamp on the day of receipt.
2	<b>INVOICES:</b> Source document receipt dates not changed when incomplete information is received from suppliers	The compiler should change/re-enter the source document receipt date if information was missing from the supplier's invoice.
3	<b>INVOICES:</b> Invoice dates captured incorrectly	Be careful not to capture the invoice date under the source document received date. Source document received date refers to the date the invoice was received by the WCED. Use the "received" date stamp date.
4	<b>SOURCE DOCUMENT RECEIVED DATE VS. INVOICE DATE</b>	Source document received date: The date upon which the physical or soft copy invoice is received by the WCED.  Invoice date: Date upon which the invoice was created by the supplier. This date will be reflected on the actual invoice.
5	<b>SOURCE DOCUMENT RECEIVED DATE:</b> Incorrect date used as source document received date	The official who is capturing the invoice must ensure that he/she captures the date the invoice was received and not the date on the invoice (e.g. check the "received" date stamp on the payment voucher).
6	<b>PAYMENT RELEASE AND ACTION DATE</b>	30 days are calculated from the source document received date captured on BAS up to the action date. Authorisers should therefore be mindful of these dates and authorise their payments before the relevant payment run date, which will ensure that the action date falls within the 30 day requirement.
7	<b>BAS RUN DATES:</b> Manual payment release dates	BAS payment release dates are sent to all BAS users, indicating when payments will be released. NB!! Take note of action dates as it represents the date the monies will reflect in suppliers' bank accounts.